MOERVERHANDELINGSOOREENKOMS

(Standaard Terme en Voorwaardes vir KOPERS)

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

FPD SEED & DEVELOPMENT (EDMS) BPK (Reg. No. 1996/003776/07)
(hierna **S & D** genoem) en hierin verteenwoordig deur

_____
wat met die ondertekening van die dokument waarborg dat hy ten volle gemagtig is om **S & D** te bind aan die bepalinge van die ooreenkoms.

en

_____
(hierna die **KOPER** genoem) en hierin verteenwoordig deur

_____
wat met die ondertekening van die dokument waarborg dat hy ten volle gemagtig is om die **Koper** te bind aan die bepalinge van die ooreenkoms.

FPD
Seed & Development (Edms)Bpk

AANGESIEN **S & D** sekere eksklusiewe regte op die verbouing van die aartappel kultivars soos in Aanhangsel “C” gespesifiseer besit;

EN AANGESIEN **S & D** onder ‘n verpligting staan om beheer oor die kultivars gespesifiseer in Aanhangsel “C” uit te oefen;

EN AANGESIEN **S & D** ook onder die verpligting staan om die vordering van tantième ten behoewe van die eienaars van die intellektuele eiendomsreg, patenteregte en plantelersregte van die kultivars te doen;

EN AANGESIEN die **Koper** begerig is om op ‘n deurlopende en gereelde basis moere van **S & D** aan te koop op bestelling vir aanplantings en **S & D** bereid is om die moere aan die **Koper** te verkoop en sekere andere dienste in die verskaffing van die moere te lewer;

EN AANGESIEN die partye oortuig is dat die proses van moerproduksie en voorsiening van moere net in 'n geordende omgewing optimaal kan geskied;

EN AANGESIEN die partye begerig is om hulle voorgenome besigheidsverbintenis te reguleer;

Kom die partye soos volg ooreen :

1. **TOEPASLIKHEID, AANWENDING, INTERPRETASIE, EN UITLEG**
   1.1. Die terme van hierdie ooreenkoms sal geldig wees op alle transaksies aangegaan tussen **S & D** en die **Koper**.
   1.2. Geen afwyking van die terme en voorwaardes soos hierin vervat sal enige regskrag hê of die partye bind tensy dit op skrif gestel en deur of namens beide partye onderteken is nie.
   1.3. Geen ooreenkoms aangegaan deur ‘n agent van **S & D** met die **Koper** sal bindend op **S & D** wees indien dit nie deur **S & D** skriftelik bevestig word nie.

2. **AANBIEDINGE & PRYSE**
   2.1. **S & D** sal geregtig wees om binne 5 dae nadat ‘n **Koper** ‘n kwotasie met betrekking tot die lewering van die moere vanaf **S & D** aanvaar het, die transaksie te kanselleer.
   2.2. Alle bedrae deur **S & D** kwoteer sal ekslusief wees van BTW waar van toepassing en BTW sal addisioneel tot die gekwoteerde verkoopsprys gevorder word.

3. **FORCE MAJEURE**
   3.1. Indien **S & D** weens omstandighede buite sy beheer verhinder word om ‘n bestelling geplaas deur die **Koper** te lewer sal **S & D** die **Koper** daarvan in kennis stel per fax of geregistreerde pos waarin **S & D** sal aantoon welke addisionele reëlings indien moontlik getref word deur **S & D** vir die lewering van die bestelling en die beplande nuwe leweringsdatum. Indien alternatiewe reëlings nie getref kan word nie sal die bestelling as gekanselleer beskou word.

3.2. Waar lewering uitgestel word met meer as 28 dae sal die **Koper** die reg hê om die bestelling skriftelik te kanselleer.

4. **ONVOORSIENE OMSTANDIGHEDE, KANSELLASIE, EN HERVERKOOP**

4.1. Wanneer onvoorsiene omstandighede buite die beheer van die **Koper** - en nie veroorsaak deur die doelbewuste optrede van die **Koper** nie - veroorsaak dat ‘n bestelling deur 'n **Koper** geplaas nie meer deur die **Koper** aangewend kan word nie, onderneem **S & D** - sonder om onder 'n verpligting te staan - om die bestelling te kanselleer en die moere terug te neem en om te poog om die moere te herverkoop.

4.2. Indien **S & D** suksesvol is met die herverkoop van die moere sal die **Koper** gekrediteer word met die verkoopprys en sal die balans verskuldig deur die **Koper** aan **S & D** op die prys van die oorspronklike bestelling, indien enige, steeds deur die **Koper** aan **S & D** betaal word.

5. **LEWERING, VERVOER, BERGING EN ONTVANGS**

5.1. Lewering sal geskied wanneer die moere die leweringspunt verlaat.

5.2. Alle vervoerkoste vanaf die leweringspunt tot by die punt waar die **Koper** die Moere gaan aanplant sal vir die rekening van die **Koper** wees.

5.3. Die risiko van wins en verlies sal op die **Koper** oorgaan met lewering.

5.4. Indien die **Koper** nie met lewering fisies ontvangs van die moere kan neem nie en - na lewering - die moere namens die **Koper** na ‘n koelstoor vervoer moet word en aldaar gestoor word, sal sodanige vervoerkoste en stoorkoste vir die rekening van die **Koper** wees.

5.5. Die **Koper** sal geregtig wees om **S & D** te versoek om na lewering maar voor aanplanting die moere namens die **Koper** te herverkoop teen die beste moontlike prys wat op daardie stadium behaal kan word. Indien hierdie prys, met in agneming van enige moontlike addisionele kostes, minder is as die prys waarteen die **Koper** die moere aangekoop het, sal die **Koper** steeds teenoor **S & D** aanspreeklik bly vir die prys waarop **S & D** en die **Koper** ooreengekom het, minus die bedrag waarteen die moere herverkoop is.

6. **BETALING**

6.1. **S & D** sal geregtig wees om met ontvangs van ‘n bestelling (Aanhangsel “A”) sekuriteite vir die betaling van die koopsom tot bevrediging van **S & D** te versoek.

6.2. Alle fakture deur **S & D** vir moere uitgereik sal betaal word voor of op die 25ste dag van die maand wat volg op die maand waarin sertifisering van die moere plaasvind. Indien ongesertifiseerde moere verkoop word sal betaling plaasvind voor of op die 25ste dag van die maand wat volg op die maand waarin lewering van die moere plaasvind.

6.3. Die **Koper** sal nie geregtig wees om enige aftrekkings van die koopprys te maak as gevolg van enige teen-eis wat die **Koper** teen **S & D** mag hê nie.

6.4. Rente sal op alle agterstallige bedrae gehef word teen die maksimum koers toelaatbaar deur die Wet.

6.5. Betalings sal gemaak word op sodanige wyse en op sodanige plek as wat **S & D** van tyd tot tyd skriftelik mag aantoon, vry van enige aftrekkings en bankkoste.

6.6. **S & D** sal geregtig wees om enige bestelling van die **Koper** te kanselleer indien enige betalings deur die **Koper** aan **S & D** agterstallig is.

7. **KLAGTES**

7.1. Kennis moet binne 96 uur na lewering aan **S & D** gegee word van alle afwykings in die gehalte standaarde - soos uiteengesit in Aanhangsel "B" - van die moere.

7.2. Kennis van enige latente gebreke in die moere moet gegee word aan **S & D** sodra die gebreke tot die kennis van die **Koper** kom of moes gekom het.

7.3. Kennis aan **S & D** moet telefonies en skriftelik per faks geskied en moet die volgende inligting bevat :

7.3.1. Akkurate beskrywing van die defek;

7.3.2. Genoegsame inligting om die moere te identifiseer as moere te wees gelewer deur **S & D**.

7.4. Klagtes wat betrekking het op ‘n gedeelte van ‘n bestelling of besending kan kan nie deur die **Koper** gebruik word om die hele bestelling of besending af te keur nie.

7.5. Tekorte in die hoeveelheid gelewerde moere moet binne 24 uur na ontvangs van die moere op die perseel van die **Koper**, skriftelik aan **S & D** rapporteer word by gebreke waarvan die hoeveelhede soos getoon op die afleweringsnota as korrek geag sal word.

8. **WAARBORGE & BEPERKTE AANSPREEKLIKHEID**

8.1. **S & D** gee geen waarborge met betrekking tot die groei- en produksievermoë van die moere nie.

8.2. **S & D** se deliktuele en kontraktuele aanspreeklikheid teenoor die **Koper** ten opsigte van ‘n bestelling sal nooit die faktuurwaarde van die bestelling oorskry nie.

8.3. **S & D** sal nie enige aanspreeklikheid oploop met betrekking tot enige advies deur **S & D** gegee met betrekking tot die verbouing, aanplanting, oes en hantering van die moere nie.

8.4. **S & D** sal geregtig wees om die **Koper** se aanplantings, oes en sorterings, en verpakkingsprosesse van die moere te inspekteer en die **Koper** sal die nodige toegang aan **S & D** se verteenwoordigers gee.

8.5. Die **Koper** sal geregtig wees om die aanplantings van waar die moere afkomstig is, die oes en sorteringsproses te inspekteer.

9. **VOORBEHOUD VAN EIENAARSKAP & SESSIE**

9.1. Eiendomsreg in die moere sal nie op die **Koper** oorgaan alvorens die koopprys en enige verdere kostes deur **S & D** met betrekking tot items soos vervoer en koelopberging aangegaan nie ten volle vereffen is nie.

9.2. Waar die moere voor betaling aan **S & D** deur die **Koper** geplant word, en waar **S & D** sy eienaarskap in die moere weens *accessio* verloor, sedeer die **Koper** hiermee en dra die **Koper** hiermee oor aan **S & D** sy volle reg titel en belang in die opbrengs van die moere se oes as sekerheid vir enige skulde van die **Koper** aan **S & D** verskuldig.

10. **KULTIVARS WAT AAN PLANTTELERSREGTE ONDERWORPE IS**

10.1. Die **Koper** erken dat **S & D** sekere eksklusiewe regte op die verbouing van sekere kultivars soos in Aanhangsel “C” vermeld besit.

10.2. Die **Koper** erken dat **S & D** onder sekere verpligtings staan om beheer oor die kultivars in 10.1 genoem uit te oefen.

10.3. Die **Koper** onderneem dat die moere van die kultivars in 10.1 vermeld wat deur **S & D** aan hom verskaf sal word slegs deur hom gebruik sal word vir die doel waarvoor dit deur **S & D** aan hom verskaf is, soos uiteengesit in Aanhangsel “A”.

10.4. Die **Koper** mag geen opbrengs van die Moere aan enige derde party as moere verkoop of op enige ander wyse as moere vervreem sonder die skriftelike toestemming van **S & D** nie

10.5. Die **Koper** erken dat **S & D** die reg het om ‘n strafbedrag van R1 000-00 (Eenduisend Rand) per kilogram te hef vir enige hoeveelheid moere of opbrengs van die moere van die kultivars in 10.1 vermeld wat die **Koper** sonder die toestemming van **S & D** as moere aan ‘n derde party sou verkoop of op enige ander wyse as moere sou vervreem.

10.6. Indien die **Koper** die moere of die opbrengs van die moere aan ‘n derde party sou verkoop is die **Koper** verplig om

10.6.1. sodanige derde party volledig omtrent die bepalinge van klousule 10.1 tot 10.5 in te lig’

10.6.2. die aanvaarding in skrif van sodanige derde party van die bepalinge van klousule 10.5 te verkry.

11. **ARBITRASIE**

Indien ‘n dispuut van watter aard ookal, voortspruitend uit of ten opsigte van hierdie ooreenkoms, tussen die partye sou ontstaan, sal sodanige dispuut na arbitrasie verwys word vir beslegting. Enige arbitrasie wat uit hierdie ooreenkoms mag ontstaan sal na die Arbitrasie Forum Bpk verwys word vir beslegting ooreenkomstig die standaard terme en voorwaardes, en Algemene Arbitrasie Reëls, dan van toepassing in daardie Forum.

12. **DUUR**

Hierdie algemene voorwaardes sal geldig wees op die transaksies vir die lewering van moere tussen die partye totdat dit skriftelik herroep of gewysig word.

13. **HELE OOREENKOMS**

Hierdie ooreenkoms stel die hele ooreenkoms tussen die partye daar ten opsigte van die onderwerp daarvan en die partye erken dat daar geen verbintenisse, voorstellings of waarborge bestaan wat hulle bind wat nie in hierdie ooreenkoms uiteengesit is nie.

14. **TOEGEWINGS**

Geen vergunning, uitstel of ander toeskietlikheid wat enige van die partye aan die ander mag betoon ten opsigte van die nakoming van enige verpligting ingevolge hierdie ooreenkoms of die afdwinging van enige reg wat spruit uit hierdie ooreenkoms en geen enkele of gedeeltelike uitoefening van enige reg deur enige party word in enige omstandighede geag geïmpliseerde toestemming deur sodanige party te wees nie en stel nie afstanddoening of novasie daarvan of raak nie op enige ander wyse enige van daardie party se regte kragtens of wat voortspruit uit hierdie ooreenkoms nie en stop nie sodanige party van die afdwinging, te eniger tyd en sonder kennisgewing, van streng en stiptelike voldoening aan elke bepaling van hierdie ooreenkoms nie.

15. **ONDERTEKENAARS**

Die ondertekenaars van die ooreenkoms bevestig en waarborg dat hul behoorlik gemagtig is om die ooreenkoms aan te gaan en om die partye tot die terme van die ooreenkoms te bind. Deur die ooreenkoms te onderteken bind die ondertekenaars hulself tot die nakoming van die voorwaardes hierin vervat.

16. **FINALE BEPALING**

Indien en in die mate wat enige deel of enige bepaling van hierdie voorwaardes skyn in konflik te wees met enige streng bindende nasionale of internasionale statutêre bepaling, sal sodanige deel of bepaling tersyde gestel word en die oorblywende bepalings sal steeds bindend op beide partye bly.

17. **DEFINISIES :**

17.1. "Die Partye" – Die partye soos omskryf in die aanhef tot die ooreenkoms en party beteken enige van die partye.

17.2. "Leweringspunt" – Hek van moerproduksie eenheid.

17.3. "Moerproduksie eenheid" – Perseel waar moere vir lewering aan moer of aartappelprodusente gekweek word.

17.4. "Moere" – Aartappelmoere afkomstig vanaf 'n spesifieke land of Aartappel Sertifiseringsdiens van Suid Afrika (A.S.D.) Eenheidsregistrasie Nommer soos bestel deur die **Koper**. Moere in die algemeen word omskryf as aartappels wat bestem is om in die proses van vegatatiewe voortplanting van aartappels gebruik te word.

17.5. "Lewering" – Lewering vind plaas wanneer die moere tot die beskikking van die **Koper** gestel word by die leweringspunt van die moerproduksie eenheid ongeag of die moere fisies aan die **Koper** oorhandig word of nie.

17.6. "Ontvangs" – Wanneer moere fisies oorhandig word of in ontvangs geneem word by 'n aangewese plek.

17.7. "Sertifisering van die moere" - Dit is die datum wanneer die finale fisiese inspeksie van die moere en die uitreiking van die sertifiseringskaartjies deur A.S.D. plaasvind.

GETEKEN TE _____HIERDIE _____DAG VAN

_____, 200__ _____(Getuie)

_____ _____

FPD SEED & DEVELOPMENT (EDMS BPK) KOPER